

# KENNISGEWING OM TE ONTRUIM

KAN 'N VERHUURDER MY FORSEER OM MY HUIS TE VERLAAT SONDER 'N KENNISGEWING OM TE ONTRUIM?



**BELANGRIK: 'N KENNISGEWING OM TE ONTRUIM IS NIE 'N UITSETTINGSBEVEL NIE EN KAN NIE GEBRUIK WORD AS EEN NIE.**

'n Verhuurder of hul agent of prokureur gee gewoonlik 'n kennisgewing om te ontruim wanneer die huurkontrak gekanselleer word. Dit gee vir die huurder die datum teen wanneer hulle die verhuurder se eiendom moet verlaat.

Die kennisgewingstydperk is slegs geldig as dit vir die huurder 'n redelike tydperk gee om die eiendom te verlaat. Dit **MAG NIE** minder as een maand wees nie.



'N HUURDER WIE MINDER AS EEN MAAND GEGEE WORD OM TE ONTRUIM MAG 'N KLAG TEEN HUL VERHUURDER BY DIE RENTAL HOUSING TRIBUNAL INDIEN.

Die verhuurder kan nie 'n uitsettingsaansoek by die hof indien totdat die Rental Housing Tribunal nog nie die klag afgehandel het nie.

## WAT GEBEUR AS 'N HUURDER NIE ONTRUIM NIE?

As die huurder in die eiendom aanbly tot na die datum wat voorsien is in 'n geldige kennisgewing om te ontruim, word die huurder dan as 'n 'onregmatige okkupeerder' beskou in die oë van die gereg.

**DIT IS SLEGS NADAT DIE HUURDER 'N ONREGMATIGE OKKUPEERDER WORD DAT DIE VERHUURDER DIE REG HET OM 'N UITSETTINGSAANSOEK IN DIE HOF IN TE STEL OM DIE HUURDER UIT TE SIT.**

**BELANGRIK: DIE VERHUURDER MAG JOU NIE FORSEER OM DIE HUIS TE ONTRUIM NIE – DIT IS ONWETTING.**

Die regte van onregmatige okkupeerders is uiteengesit in die Prevention of Illegal Eviction from and Unlawful Occupation of Land Act (PIE Act).

Byvoorbeeld, die verhuurder kan nie jou elektrisiteit afskakel, of dreig om jou seer te maak, of jou uit jou huis uit sluit nie.

'n Verhuurder het 'n uitsettingsbevel nodig om 'n onregmatige okkupeerder uit te sit. Om 'n uitsettingsbevel by die hof te kry moet hulle die wettige uitsettingsproses volg. Jy sal weet dat hierdie proses begin het wanneer jy 'n artikel 4 Kennisgewing van Mosie ontvang.

**AS DIE VERHUURDER HIERDIE HOFPROSES VIR UITSETTING BEGIN, KRY ONMIDDELIK REGSHULP.**